# <u>**Reënboog uit die Waterlelies**</u>

25 Oktober 2021, Dwarsberg

Dit gebeur baie selde, maar soms, meestal onverwags en onverdiend, dan glimlag die beskermheilige van vissermanne nie net effentjies soos die Mona Lisa nie, hy lag van oor tot oor reguit in jou rigting, altevol soos Daniel met sy stel glinsterende Rossouw tande dit doen!





Ek en Arie het op Dwarsberg in die Stettynskloof berge naby Rawsonville gekamp, sommer net om vir ŉ dag die stad en die gejaag te ontsnap. Hy in sy Landcruiser Ossewa en ek in my tent. Dis ŉ idilliese en afgesonderde plek waar die rustigheid gou oor jou kom lê. Ons kamp was reg langs die Holsloot rivier waarvan die water die kleur van ŉ perfekte Skotse Whiskey is en waarin die reënboog forelle wild en pragtig gekleur is. Die Kaapse berge troon hoog rondom en verander voortdurend van kleur soos die son aanstap van vroegmôre tot laatmiddag. Die veranderende lig verf die kranse om die beurt rooi, oranje pienk, bruin, grys en blou. Elke keer as jy jou oë opslaan, dan is daar ŉ nuwe skildery te sien. Soos die dag verdwyn kom die donker blou en pers te voorskyn en uiteindelik as die berge om jou swart raak, dan sien jy die blink sterre hoog bokant die kranse uitloer teen die diep blou, amper swart, hemel, waar ons stadsjapies gewoonlik net wasigheid ken.





James het ook saam gekamp en terwyl ons vroeg Maandag oggend heerlik in die helder sonnetjie sit en koffie drink langs die doodstil poel net meters van ons blyplek af, sê ek: “Elke

keer as ek opkyk, dan wens ek ek kon soos jy skilder". Die poel lê bykans spieëlglad by ons voete, behalwe dat die water steeds sterk vloei na die onlangse reën, en dit laat die weerkaatsings van die bome en berge so effens dans en kriewel op die water

Dit lyk kompleet soos Monet se Waterlelie skilderye.

James is 'n skilder en hy verstaan.





So tussendeur die gesels oor kuns, koffie en beskuit, let ek op dat daar kort kort die kenmerkende kringetjie verskyn van 'n forel wat die stroom se oppervlak versteur. Dis iets wat net 'n droë-vlieg hengelaar sou raaksien, want dis subtiel en verskyn vlietend en verdwyn sommer weer in 'n oogwink. Die rimpel kring met 'n borrel in die middel beteken dat daar 'n vis is wat besig is om drywende insekte van die poel se oppervlak af te vang. Dit beteken ook dat as jy jou veer-en-haar vliegie reg kies en mooi sagkens op die regte plek op die water kan neersit sodat dit onversteurd oor die vis dryf, dan is daar altyd 'n kans dat hy jou aanbieding vir die regte ding mag aansien. Ek vat my vlieg-stok, stap versigtig die drie lang tree na die rand van die poel toe, kyk mooi wie sit waar sodat ek nie dalk iemand met my vlieg haak nie, en sommer op die tweede gooi vat 'n pragtige jong reënboog forel my self gemaakte droë vlieg, 'n klein kunswerkie opsigself, ten aanskoue van almal. Dat hy reg uit die middel van Monet se dansende waterlelie "skildery" gekom het, was heel gepas. Die Holsloot se forelle is donkerder gekeur met meer groen en swart as silwer, want die stroom se bodem is meestal donkerder rotse en klippe as ons ander strome. Persoonlik dink ek hulle is die mooiste reënboë in ons Kaapse riviere en net die bruin forelle in die Witte kan hulle dalk in 'n skoonheidsparade 'n bietjie kompetisie gee.

Ek laat die glibberige, wriemelende, gespikkelde, pienk, silwer, grys en subtiel groenerige kunswerkie vry en hy gly maklik weg, die ewig bewegende Whiskey stroom in. Dis maklik om iets so mooi vry te laat, en juis daarom gebruik ek deesdae net weerhaak-lose hoeke om my vlieë mee te maak.

Ek gaan drink my koffie verder.

My toeskouers het nog nooit gesien hoe iemand met 'n vliegstok visvang nie en ek moet verduidelik van nymphs, droë vlieë, entomologie, forelle se gewoontes en nog wat. 'n Paradys vlieëvanger kom vang ook van die insekte wat oor ons poel fladder, twee kwikkies oes die beskuit krummels by ons voete en 'n Waterfiskaal pik die vetterigheid van ons braai rooster af. Ons drink nog koffie, maar kort voor lank word my aandag weer afgetrek en teen die tyd dat Mandred die tweede pot ekstra stewige espresso gestook het, het ek reeds drie forelle

uit daai Monet skildery van Dwarsberg getrek! Dit ten aanskoue van ŉ gehoor wat teen daai tyd reken vlieghengel is die maklikste manier van visvang onder die son!

Helaas, die heilige Andries glimlag nooit te lank aanmekaar nie, en soos die son klim en die dag helderder word, raak die forelle ook meer sku en verskuif met vol mae na die mid-dag wegkruip plekke waar hulle onsigbaar en onbereikbaar word.

Dit was die teken om my tent af te slaan, die Jeep te pak en terug te keer na die realiteit van die moderne stadslewe,  maar skielik lyk selfs dit meer kleurvol en oral sien ek nog ander klein kunswerkies. Die skadu's teen my spreekkamer se muur wat gemaak word deur die stukkende sonskerm, die krake in die teerstraat op pad huis toe, miskien selfs die afdoppende verf teen my slaapkamer se plafon?

Orals impressionistiese skilderye!

(1) Die beskermheilige van vissermanne is **Saint Andrew** (Andreas of Andries vir Afrikaanse vissermanne?), die broer van Petrus. Hy is ook die beskermheilige van Skotland. Sy naam beteken "manhaftig" en soos reeds gesê, glimlag hy nie dikwels baie wyd nie!

(2) **James Stroud** skilder natuur en wildlewe skilderye wat hy in die VSA bemark. Vir sy eie plesier skilder hy ook meer abstrakte skilderye, maar die word meestal nooit verkoop nie. Ek en Des het ŉ kleintjie van ŉ semi-abstrakte Karoo landskap met ŉ windpomp. James is so beskeie, hy sal my kwalik neem oor ek sy naam so saam met die van Monet gebruik, maar hy sal daaroor kom!

http://jstroud.co.za/ceramics/

https://www.facebook.com/media/set/?set=a.130257693708663.24701.127228037344962

(3) **Claude Monet**, 1840 – 1926. Hy word beskou as een van die vroegste impressioniste. Die reuse Waterlelie Panele in die Musee de Orangerie in Parys is laat in Monet se lewe geskilder, maar hy het ook honderde ander kleiner skilderye met dieselfde tema gemaak reg deur sy loopbaan. Baie daarvan is van sy eie tuin.

https://en.wikipedia.org/wiki/Claude_Monet

https://en.wikipedia.org/wiki/Water_Lilies_(Monet_series)

(4) Die vlieg: **Parachute Rab**, vir die wat nuuskierig genoeg is.

https://themissionflymag.com/2016/06/09/para-rab/